**CACHET APTEEK**

Groot genoeg om u te bedien.

Klein genoeg om u te ken.

★

DIE STUDENTE-APTEEK

# die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXX — VRYDAG, 7 MAART 1975 — NR. 2

**PUKKE!**

vir al u kleurbaadjies

**Johan Claassen Broers (Edms.) Bpk.**

Tel. 3612,

POTCHEFSTROOM.

Kerkstraat 92.

Tak: Tomstraat 100.

## *Duitse eerstejaar in Karlien*

**Deur Jelleke Wierenga**

IN ONS „gemütliche" taal gesels Viktoria Gundermann (24), Karlien se Duitse eerstejaar, kopstukke oor 'n beker rooibostee.

Klein en donker is Viktoria presies die teenoorgestelde van die blonde Fräulein-tipe. En haar Afrikaans is so netjies en suiwer dat mens kwalik kan glo dat sy maar 'n paar maande in die land is.

Viktoria studeer vanjaar B.Sc. Farmasie. Ná haar skoolloopbaan by die Goethe-Gymnasium het sy twee jaar in 'n apteek in Düsseldorf gewerk. Haar ouers woon in Dortmund, 'n dorpie wat ongeveer 80 km van Düsseldorf is.

**AFRIKAANS**

In die Duitse universiteitsvakansie verlede jaar het Viktoria drie maande in 'n farmaseutiese fabriek gewerk. Sy het by 'n Duitse gesin in Pretoria tuisgegaan en het by hulle Afrikaans leer praat.

Gevra na die taal, het sy beduie dat dit vir haar so 'n „gemütliche" taal met baie beeldspraak is. Ook glad nie danig moeilik nie. Sy sukkel nog bietjie met die idiomatiese uitdrukkings.

Hoe vergelyk ons universiteitslewe met dié van Duitsland? Daar is nie so 'n hegte gemeenskapslewe in Duitsland nie, dit is baie meer onpersoonlik. „Ja", sê sy met 'n breë glimlag, „die ontgroening was vir my heeltemal iets nuut". Miskien, voeg sy huiwerig by, is die oorsese student bietjie meer volwasse en ouer as die gemiddelde student hier.



Viktoria Gundermann (regs) by Dinie Bester (primaria) en Marlene Strydom (onderprimaria) van Karlien. (Foto: Fotokuns).

**KONSERWATIEF**

Viktoria meen die Puk-mans is „bietjie konserwatief", maar na haar ingenome glimlag geoordeel, het sy dit ongetwyfeld as kompliment bedoel. Sy is „baie verras" oor ons goeie tafelmaniere. En wat dink sy van ons meisies? Party trek baie mooi aan, maar sy hou tog nie van die kort rokkies nie, sê sy en skud haar kop bedenklik heen en weer. En, sê sy, party trek soos laerskoolkinders aan, kompleet met vlegsels en beenhare en al.

**„CENTRAL"**

Oor die kos in die Sentrale Eetsaal het Viktoria geen klagtes nie — „dit is heel goed", sê sy, en sy lyk werklik of sy dit bedoel! Sy is net nie gewoond om vis in die oggende te eet nie, sê sy laggend.

Onvermydelik het die gesprek ook by Suid-Afrika se beeld in die buiteland uitgekom.

**VERVALS**

Daar is nog baie vyandige propoganda teen Suid-Afrika en daar word baie klem op die wit indringers in Suid-Afrika gelê. Volgens Viktoria word tot die geskiedenisfeite in die skole soms vervals. „'n Mens kan nie maklik oordeel as jy nie self hier is nie", meen sy. In weerwil van die feit dat baie haar afgeraai het om na Suid-Afrika te kom — dis „gevaarlik", sê hulle — het sy nie gehuiwer om hiernatoe te kom nie. Miskien ook omdat sy „nie leeus in die strate verwag het nie."

Dis vir haar snaaks dat ons so baie kerk toe gaan, sê Viktoria. En is sy baie geamuseerd oor ons hoede en formele kleredrag op Sondae. In Duitsland kan jy in jou „jeans" en toonplakkies die eredienste bywoon. Net die oumense dra hoede. Sy het darem ook 'n hoed saamgebring, net so vir ingeval.

Sover sy kan oordeel, is die Afrikaners vriendeliker, minder gekompliseerd en ingewikkeld as die Duitser. En ons natuurskoon, ruimtes en kleure is vir haar „pragtig". Duitsland is ook mooi, sê sy verdedigend, maar op 'n „ander manier".

Hierdie spontane, vriendelike entjie mens kan niks anders as net 'n aanwins vir die Puk wees nie.

# Oorloë leer ons 'n les

**Deur Louis Pienaar**

**UIT ons oorloë met die Arabiere het ons een bittere les geleer. Dit is dat ons op ons eie bene moet staan en terugveg en nie op beloftes van die V.V.O. en ander lande staatmaak nie.**

So het brig.-genl. Ytszhak Arad tydens 'n byeenkoms vroeër vandeesweek hier gesê.

Mnr. Arad, wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog 'n Russiese vryheidsvegter teen die Nazi's was, het gesê dat die jongste Midde-Oosterse oorlog verlede jaar weer eens hierdie feit onderstreep het.

**V.V.O.**

„Dit was 'n verrassingsoorlog en in die eerste vier dae het die Arabiere groot oorwinnings behaal. Die V.V.O. het nie ingemeng nie. Niemand het ingemeng nie.

„Maar toe kry ons die oorhand. Die Israeli-opmars na Damaskus en Kairo kon kwalik gestuit word. Toe begin almal skielik met vredespogings. Rusland het gedreig om met ses eskaders vegvliegtuie die opmars na Kairo te verpletter", het mnr. Arad gesê.

**OLIEGRIEP**

Volgens mnr. Arad het net die Amerikaners Israel van wapens voorsien. Die hele Europa het blykbaar onder die Arabiese „oliegriep" deurgeloop.

„Portugal was die enigste Europese land wat ons met dié oorlog gehelp het — en dit was nie die Portugal van vandag nie", het mnr. Arad gesê.

**NAZI-MISDADE**

Die ou Joodse bitterheid jeens die Nazi-misdade van die Tweede Wêreldoorlog het ook weer opgevlam.


Dit is alombekend dat die Nazi's ses miljoen Jode doodgemaak het. Mnr. Arad het ook die gevreesde gasstort beskryf.

Volgens hom was die Jode aangesê om te gaan stort. Uit die sproeier het dan dodelike gas op die storter gestroom. Langs die storte het gewoonlik 'n krematorium of beenkrakermasjien gestaan. So het baie Joodse beendere die Duitse aarde tydens die Tweede Wêreldoorlog bemes.

**GESKIEDENIS**

Mnr. Arad het ook gesê dat Israel se geskiedenis van 2 000 jaar, die bindende faktor vir Israel se bestaan en toekoms is.

„Ons geskiedenis gee ons krag vir die toekoms. Sonder Israel sal daar geen Joodse volk kan bestaan nie", het mnr. Arad afgesluit.



Mnr. Robbertse van Ontwikkeling wys hier vir genl. Arad (heel regs) 'n skets van die Universiteit. (Foto: Fotokuns).

## BEHOEFTE VERVUL

'N BEHOEFTE wat reeds lank onder die Kommunikasiekunde studente bestaan is verwesenlik. Maandagaand is die eerste Kommunikasievereniging op die PUK gestig.

Tydens die stigtingsvergadering is die bestuur verkies en dit sal dan ook hulle taak wees om die reglement vir die vereniging saam te stel.

Die volgende bestuur is verkies: Voorsitter — Karel du Plessis; Onder-voorsitter — Urban Badenhorst; Sekretaresse — Amanda Erasmus; Penningmeester — Jan Meyer; Addisionele lid — Elmarie Robbertse. Verteenwoordigers uit die Kommunikasiekunde klasse is: Dalene Delport, Sonja Rencke en Jody Rootman.

# Tukkies hoogs ontstoke

STUDENTE van Tuks is hoogs ontstoke oor die Verteenwoordigende Studenteraad se besluit om 'n gemengde intervarsity teen Wits te hou. Gemoedere het so hoog geloop dat die finale beslissing nou aan die studente se hoogste gesagsliggaam, die S.S.R. oorgelaat is.

Na die geweldige teenreaksie het mnr. Dirk Kotze die besluit van die V.S.R. soos volg verduidelik. Volgens hom kom die kernbesluit daarop neer dat die V.S.R. bereid was en steeds is om met Wits intervarsity te hou mits daar geen gemengde spanne is nie. Dit sal net gehou word mits daar afsonderlike geriewe vir swart en wit is. Die rede vir die toelating van swart en bruin studente is omdat hulle net soos die blankes ook akademiese voorregte geniet.

**VOORWAARDES**

Wits het tot U.P. se voorwaardes ingestem. Navraag by verskeie staatsdepartemente en owerheidsinstansies is gedoen en het dit nou geblyk dat die status van bruin en swart afhang van elke universiteit se eie oordeel. Die implikasie hiervan is dat die studente op Wits nou nie net bloot akademiese voorregte het nie maar op ander gebiede ook.

**WETTIG**

Die V.S.R. se toestemming om nou met Wits intervarsity te hou beteken nie dat hy gemengde sport goedkeur nie maar dat hy die wettige teenwoordigheid van alle studente op Wits erken. U.P. wil nie aan Wits voorskryf wat om te doen nie. Verdere besluite word aan die S.S.R. oorgelaat en aan Wits se diskresie.



Dirk Kotzé, Binnemuurse VSR-voorsitter.

BULT-APTEEK

ONS KEN U BENODIGDHEDE

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS

Tomstraat 89B en C — Tel. 5943 en 3377

STUDENTE APTEEK

—WP

# KIES 'N GEUR

AS jou lewe uit blou denim en perdry bestaan, moet jy jou met Ritual van Charles of the Ritz of Diorissimo van Dior besprinkel, net wanneer jy tyd kry.

**GEURE**

Droom jy van ou roomkleurkant, moet jy jou omvou in geure soos Miss Lentheric van Lentheric, Khadine van Yardley of Blue Grass van Elizabeth Arden.

**ROMANTIESE**

Charley van Revlon en Bondstreet van Yardley is vir romantiese meisies terwyl Tweed van Lentheric vir die koelkop is.

Gaan maar kwistig te werk om die hele dag daardie ekstra tikkie iets aan jou te gee.



'n Paar asters van die Dameskomitee sit hier koppe bymekaar om 'n groot jaar vir die damesstudente op die Puk te organiseer.

# Laataandkoffie kry nuwe geur -- met kerse!

**MAAK 'n kers en sit kleur, warmte, persoonlikheid en lig in jou vaal koshuiskamer.**

Al wat nodig is, is 'n pakkie gewone wit kerse, 'n paar Bantoebierkartonne of 'n metaalhouer. Metaalhouers laat die kers die fynste afgewerk lyk. Vetkryt word gebruik om gekleurde kerse te maak en as jy romanties is, kan jy muskof roosgeurolie by die Kunssentrum op die Bult kry.

Smelt die gekoopte kerse en verwyder die pitte. Gooi 'n stukkie vetkryt by en 'n druppeltjie gegeurde olie. Voordat die was in die houer gegooi word, moet die kante eers met 'n lagie olie gesmeer word.

**Die Pit:** Daar is twee metodes om 'n lont te maak. Die maklikste manier is om die een punt van die lont aan 'n staalbreinaald en die ander punt aan 'n gewig soos 'n skroefie vas te maak. Lê die breinaald bo-oor die opening van die houer sodat die pit reguit na onder hang. Gooi nou die warm was in die houer. Sodra die was ingesak het, moet nog bygegooi word, totdat dit 'n gelyke vlak gevorm het.

Om kerse met twee kleure te maak moet jy twee kerse maak en dan vas gom. Hierdie kers se pit word met behulp van 'n baie warm breinaald ingesit. Druk 'n gat dwarsdeur die kers met 'n warm breinaald en laat die pit deursak.

Hoe dikker die kers is, hoe dikker moet die pit wees. Te veel was sal gou die oorhand kry oor 'n te dun pit.

Dis maklik om kerse met 'n marmer effek te maak en dit is baie mooi. Smelt twee wit kerse en verwyder die pitte. Laat dit afkoel totdat die was 'n stywe bo-lagie vorm. Klits en voeg dan 'n halwe teelepel meelblom by. Jy moet vinnig werk en die geklitste was met 'n vurk rondom 'n gewone wit kers smeer.

Met so 'n kers kry die laataandkoffie voorwaar nuwe geur.


Maryna

DIE WINKELTJIE WAAR AL DIE DEFTIGE DAMETJIES KOOP

10% KORTING VIR KONTANT

Kerkstraat 150 Tel. 7885

—WP





CACHET MODES

EKSKLUSIEWE EN BYDERWETSE DAMESMODES

Pryse om elke sak te pas.

TOMSTRAAT 94

TEL. 5038

—WP


# 'N GROOT JAAR WAG OP PUK SE DAMES

**VANJAAR is nie verniet die jaar van die vrou nie, dit gaan ook dié groot jaar word van die Puk se Dameskomitee. Niemand sal die dames vanjaar van onbetrokkenheid kan beskuldig, soos dit ongeveer twee jaar gelede die geval was nie!**

'n Groep dames het toe onder leiding van Betsie Schlebusch en Paul Kruger bymekaar gekom om 'n komitee te stig, bestaande uit dames, wat die Puk se dames kon aktiveer. Dit het 'n komitee van die Studenteraad geword, wat ongelukkig heelwat spot van die mansgeslag uitgelok het omdat die voorsitter, (Paul Kruger) 'n man was!

Met verlede jaar se struktuurverandering in die Studenteraad het die Dameskomitee 'n selfstandige onderliggaam van ADB geword, met Ineke Lindhout die voorsitster en outomatiese verteenwoordiger op die Studenteraad. Cois Harman is die enigste man op die komitee, en dit ook net omdat hy die groot organiseerder van die Weerbaarheidsprojek is!



Mariaan van der Walt, ondervoorsitster van die Dameskomitee.

Verder bestaan die hoofbestuur uit Mariaan van der Walt (onder-voorsitster), Martie van Niekerk (sekretaresse), en Elmarie Robbertse (penningmeester).




As gevolg van die onsekerheid van wêreldtoestande, en die rol wat die vrou in 'n oorlogsbedreigde Suid-Afrika sal moet speel, is Aster se groot plan vir vanjaar 'n weerbaarheidsprojek. Daar word beoog om ongeveer vyf dames uit elke koshuis te kies wat dan gedurende die laaste naweek van die Aprilvakansie 'n oorlewings-kursus sal ondergaan. Die kursus word aangebied in medewerking met die Weermag hier in Potchefstroom, en sluit onderrig in die skietkuns, selfverdediging, noodhulp en ook onder meer geestelike weerbaarheid in. Daardie groep dames sal dan vir die res van die jaar die leiding in die koshuise neem met die groot, algemene weerbaarheidsprojek.

Met die loop van die jaar sal hulle nog gereeld een naweek per maand verdere kursusse en lesings oor aktuele sake soos wêreldpolitiek en geestelike weerbaarheid, ontvang. Volgende jaar rus die opleidingstaak dan weer op hulle skouers. Elke koshuis sal ook, betreffende weerbaarheid, oefeninge moet doen wat sal verseker dat hulle slaggereed sal wees ten tye van nood en brand.

Alles gaan egter nie net 'n George in die kleine wees nie, daarvoor sal ook dinge soos die Skrikkelaand sorg! Die aand van 24 Maart het die dames kans om DAMES te wees, en die man van jou eie keuse te onthaal tussen groen wilgers op die Fanie du Toit Sportterrein. Die aand beloof om 'n groot fees te wees — as mens net eers daardie gevreesde uitnodiging agter die rug het!

Verder sluit die program verskillende koshuisprojekte in. Dit beteken dat elke koshuis geleentheid het om eenmaal die jaar 'n projek of kurses van sy eie keuse aan te bied.

Dit kan op Saterdae aangebied word en sal byvoorbeeld kursusse in batik, onthaalkuns, die maak van kunskerse en kitskeramiek insluit.

Programvergaderings met mev. Elizabeth Albrechts, regter Leonora van den Heever en prof. Elaine Botha as sprekers, sal ook aangebied word. Hierdie vergaderings is uitsluitlik vir dames!


**Redaktrise: Herzola de Beer. Assistent-redaktrise: Elmarie Robbertse.**

**Almal wat aansoek gedoen het om op die redaksie van Aster-aster te dien, moet asseblief met Herzola in Vergeet-my-nie of met Elmarie in Oosterhof in verbinding tree.**


# Asters dink hard aan Skrikkelete

DUISENDE studente gaan Maandagaand, 24 Maart, saam eet, drink en opsit. Dit sal die grootste ete- en opsitsaamtrek nog ooit op die Puk wees. Dit is die groot Skrikkelfees van die Puk-asters.

Op die Fanie du Toit-sportterein gaan al die paartjies van die Puk versamel, elk met 'n eie liggie, kombers en watertand-geregte. Die hoofgereg word voorsien. Asters moet self dink aan eksotiese voorgeregte, interessante bygeregte en nageregte wat smelt in die mond. Wyn moet saam gebring word want by die geleentheid gaan glasies geklink word.

Die groot makietie is om die draai en asters moet nou reeds hulle gedagtes laat gaan om 'n uithaler spyskaart op te stel. Die unieke geleentheid doen hom net een keer per jaar voor en almal moet gaan. Speel gou, besluit nou wie jou droomheld is en skiet hom vir die aand van die jaar.

# Om vas te sleep of nie...

**OM nie vas te sleep hier op die Puk nie, is heerlik. Jy kan uitgaan met wie jy wil wanneer jy wil; jy kan enige tyd met krullers in jou hare of met 'n gesigmasker loop; jy kan daardie hartroerende fliek (al Back Street gesien) van vergange se dae gaan sien en lekker huil.**

Jy kan 'n pizza of roomtertjie van De Oude Hollandse Bakkery eet net wanneer jy 'n ongekende lus daarvoor het.

**ALLEENLOPER**

Om alleenloper te wees is sinoniem daaraan om jou hare te sny soos jy dit wil hê en om die rooi rok op Maandag te dra en nie die gele soos hy dit verkies nie. 'n Alleenlopermeisie se lewe is vol vreugdes en lekker lekkertes.



Skrikkelfees . . . verlede jaar se skrikkelfees was groot . . . maar kyk net wat gebeur hierdie jaar.

**Vassleep**

Ewe lekker is om vas te sleep, om hand om die lyf Kenmekaar toe te gaan en om iemand te hê wat joue is. Vir hierdie lekker moet ons asters takt hê. Takt is om hom te laat dink dat hy besluit het oor die fliek wat julle sien. Dit is om nie vir hom te vertel van die ou in die krimklas wat vir jou ogies maak nie.


Jy moet onselfsugtig wees en liefs saam met hom na die krieketwedstryd gaan terwyl jy dolgraag die Dramedepartement se Slotspel wou sien.

Besitlikheid is 'n doring vir elke man. Dit is wonderlik as jy hom lief het maar om hom elke minuut van die dag in die oog te hê, sal hom nie nader aan jou hou nie. Dit gee hom so 'n ingehokte gevoel dat hy maar te bly sal wees om uit jou web te ontsnap.

Beheer jouself en dink weer 'n keer voor jy opgeruk is omdat hy een aand met sy vriende deurgebring het. Besluit goed voor jy hom vra waar hy die vorige aand was toe jy hom tien keer gebel het.

**VASSLEEP**

Jy, aster wat vassleep, moet nie en mag nie veeleisend wees nie maar gemaklik en ontspanne. Jy moet daarna streef om jouself te wees. Dit maak van jou 'n lieweling onder jou maats en die liefling van jou sleep.




Nou, 45 jaar later, moet Gatland afgebreek word. Hierdie blyplek van menige groot geeste, moet nou plek maak vir nuwe geboue. Baie Gatte van Gatland sal swaar afskeid neem.

# Koshuise: Sports en Teekanstories

Deur Thelma Clegg

**KOSHUIS. — Wat is 'n kampus sonder 'n koshuis? En wat is 'n koshuis sonder teekanstories:**

**Klooster** se seniors sê baie welkom aan vier en sewentig nuwe inwoners waarvan drie gekies is vir Alabama. Geluk! Op sosiale gebied word daar 'n sport-waatlemoen-swem-ete-konsertfees gehou met Karlien. En dit was 'n fees. Dankie Karlien.

**Dawie Dup** word bekend as die plek met die krieketmense. Geluk met die oorwinning oor Thaba Jäh. Van **Makouvlei** hoor ons dat Hugo Lindenberg vyf paaltjies vir slegs 20 lopies laat kantel het in die Puk se krieketstryd teen Weermag. Die assosiasie tussen I. W. en nuwe motors? 'n Ferm handdruk. Geluk aan Koos van Staden met sy 8+ vir I. W. en aan Johan Roux met sy Datsun.

**Liberalia** wens almal geluk wat die vakansie in die huwelik bevestig is. (Wat word van die Puk se Liberaliste?).

In **Over-de-Voor** tref ons die nuwe aan. Charl van der Merwe met 'n nuwe meisie en Louis Pienaar as nuwe HK.

Skuur is nou verdeel in Skuur Suid en Skuur Noord — studente bekend as **Hombrè** en **Caput**. Katastrofes op die kampus? Wel, die plaas het 'n kat bygekry...

Dorp is al amper 'n kampus op sy eie met bykans 200 eerstejaars en 'n vergaderplekkie agter Heimat (met 'n teekan?) 'n Waarskuwing aan Klooster en Oosterhof, die Puk se sêr helde: Dorp het heelwat musikales!

Dorp se bestuur vir 1975 is Johan Wessels (voorsitter), Faan Swanepoel (ondervoorsitter), Kobus van der Walt (sekretaris), Christo (Zoks) Schwellnus (penningmeester), Gert Blom (sosiaal), George Moorcraft (sport) en Christa Weber (dames).

Pukke, Dorp is van plan om die trapkarresies te wen. Wat sê julle daarvan?

**Wanda** se doretyd was vol „inters". Inter-tee met Hombrè, Brood-en-Coke met Caput, Wortel-eet met Dawie Dup en atletiek met Dorp.

By **Klawerhof** was verlowings weer die groot „in-ding" die vakansie: Geluk aan Martie Wannenburg, Annatjie Cilliers, Rina Meyer en Regina Labuschagne — ook aan Ferina wat die strop om Mickey se nek gesit het.

Hanli Pasch en Anne Hayward maak ook naam vir hulself die vakansie. Hanli met haar storie in die Sarie Marais en Anne met haar manjefieke oorwinnings oor Claudie van Straaten te Pilditch en Dalrymple.

**Oosterhof** spog ook met verlowings: Al gehoor dat die S. R. en HK's goed oor die weg kom met mekaar? Geluk aan Susan Venter en Ben Cloete.

Verblydende nuus vir **Kulu**, is dat hulle weer 'n dameskoshuis is. Hou en bou die gees dames!

Vanjaar het **Kasteel** minder eerstejaars, maar tog interessantes: Elna Koegelenberg: 'n Goeie gewigstoter, wat die eerstejaarsatletiek met 11,09 meter wen.

Dalina Scarponi: praat vyf tale; Afrikaans, Engels, Frans, Italiaans en Portugees.

Hannelie Bester: 'n uitruilstudent van Amerika. Praat die S.R. al Kleurlingtaal? Hul onthaal was 'n genotvolle sukses wat in die vorm van distrik ses voorgestel is.

**Karlien** wens Oom Piet en Tannie Hansie geluk met hul verjaarsdae wat onlangs gevier is.

'n Groot welkom aan die nuwe matrone, Tannie Els.

'n Tweede groot welkom aan Victoria Gundermann, ons Duitse student. Huis Karlien vir lekker gees, Victoria!

Pukke, waar soek die eerstejaars atletiekgees en atlete? In Karlien! Baie geluk Karlieners met die puik oorwinning tydens die eerstejaarsatletiek. Geluk aan Hombrè wat die mansbeker ingepalm het.

Twee eerstejaars wat al mooi presteer het is Anita van Dam — sy verteenwoordig Wes-Transvaal op die Suid-Afrikaanse swem kampioenskappe en Mellie de Beer wat die PUK op die Suid-Afrikaanse atletiekbyeenkoms verteenwoordig.

Gou 'n woord van dank vanuit die „dore" geledere: aan Dorp vir 'n inter-tee en 'n braaivleis, aan Klooster vir 'n „bubble" aand, aan Dawie Dup vir 'n sluipmoordenaarsaksie en aan Caput vir die atletiek.

En vanuit die HK se geledere (wat alle tye van die dag en nag feeste hou) dankie aan: Hombrè, Vergeet-my-nie, Dawie Dup, Heide, Overs, Dorp, Klooster, Klawerhof, Oosterhof en die S.R.

Aan die S.R. ons hoop nie julle moet eendag almal saam in dieselfde saal in 'n hospitaal lê nie. Indien wel. Karlien sal die medisyne voorsien.

En nou, Leo, Tiep en Japie: verjaardae bly verjaardae en feeste bly feeste — dankie! (tyd vir 'n re-unie?).

# Eerste klubkompetisie

Deur Bertie du Plessis

DIE P.U. Varswaterhengelklub beoog om die eerste klubkompetisie van 1975 op Saterdag 15 Maart by Boskopdam te hou. Verskeie koshuisspanne sal met mekaar meeding en die verrigtinge sal met 'n braaivleis afgerond word.

Volgens die jaarprogram (in die P.U. Sakboekie) is die eerste kompetisie beplan vir Saterdag 8 Maart, maar ander bedrywighede het ons genoodsaak om dit 'n week uit te stel.

VAALRIVIER

Na wat ons verneem begin die vis in die Vaalrivier nou weer aas vat. Verlede naweek is daar o.a. 'n mooi karp van 9 kg by Skandinawiëdrif aangekeer. Die vis is aan 'n kriek gevang. (Dit lyk my asof al wat 'n vis is deesdae lewendige aas soek.)

Die vloedwaters van die afgelope tyd het veroorsaak dat daar baie kosdeeltjies in die water ronddryf, daarom kan mens verwag dat vis natuurlike aas verkies. Ons hengelaars kan gerus ook maar gaan probeer by die uitloop van Potchdam. 'n Paar mooi swartbaars, waarvan die grootste een 'n massa van 2 kg gehad het, is verlede week daar gevang.

Die 1974—75 hengelseisoen is nou in volle gang en die huidige individuele puntestand is soos volg:

1) Edu Kleyn — 243 punte.
2) Eddie Erasmus — 161 punte.
3) Fred Baird — 158 punte.
4) Bertie du Plessis — 95 punte.

INWEEG

Klublede en voornemende hengelaars moet kennis neem dat alle vis wat hulle gedurende die jaar vang en inweeg, bydra tot hierdie punteleer. Dit dien as keuring vir 'n Pukspan wat elke jaar gaan tiervis vang by Kariba-meer.

TIERVIS

Die bygaande foto vertel die verhaal van die Puk se welslae by verlede jaar se tiervis-toernooi. Dit is dié toernooi van die jaar in alle opsigte. Waar anders kry mens die geleentheid om in die pragtige natuurskoon van Senyati-kloof jou lepel te sleep vir tiervis. 'n Hengelaar ken ook geen groter geluk as die oomblik wanneer tiervis se kind met die lepel in sy bek boogmaak daar voor nie. Dis dan wanneer 'n man met skreeuende katrol moet bakstaan!

GEEL

Verlede jaar het ons hengelaars die Puk se naam weer hoog gehou. Die Pukmanne, geklee in hul heldergeel hempies, was seker dié bekendste span by die toernooi en het op die koop toe 14e uit 147 spanne geëindig. Voorwaar 'n voortreflike prestasie. Hierdie jaar hoop ons om, gewapen met 'n bietjie meer ondervinding, nog beter te doen.




Laaste dag se vangs. Agter: Fred Baird, Bertie du Plessis en Edu Kleyn. Voor: John Thomas, Eddie Erasmus en Fanie Harmse.

Sanyo, Solid State Stereo Draaitafel (Model G 2517) met twee luidsprekers, plus oorfone. R86,00. —15% kontant. Kontak: Marius Potgieter, Liberalia.

Alle draagbare radio's, alle kombinasies van radio's en bandspelers, alle hoëtroustelle en horlosies verkrygbaar by Arrie Lubbe teen pryse net vir studente. Liberalia, tel. 2129.

UITSLEEP



VIR AL U ETES BINNE SLEEPAFSTAND
EN VIR GESELLIGE VERKEER SAAM MET JOU MEISIE EN VRIENDE

—WP.

# ADJUNK-MINISTER

MNR. LOUIS LE GRANGE, L.V. vir Potchefstroom sedert 1966, is benoem as lid van die Raad van die P.U. vir C.H.O. Hy is ook onlangs aangestel as Adjunk-minister van Binnelandse Sake.

Mnr. Le Grange is op Ladybrand gebore, maar het sy skoolloopbaan op Potchefstroom voltooi. Hy het in 1946 aan die Hoër Volkskool gematrikuleer. Daarna het hy by Unisa studeer en die grade B.A. en LL.B. daar behaal. Aan die Potchefstroomse Universiteit het hy die Honns. B.A. in Staatsleer behaal.

Mnr. Le Grange was sedert 1953 'n prokureur op Potchefstroom maar weens baie ander verpligtinge, het hy verlede jaar uit dié praktyk getree.

Hy is in 1951 met mej. Jessie Marais getroud. Hulle het twee seuns en twee dogters.

Mnr. Le Grange is o.m. 'n geesdriftige Rapportryer en 'n kranige skut. Hy was vir ses termyne al Voorsitter van die Landsraad van die Federasie van die Rapportryerskorpse. Hy is President van die Suid-Afrikaanse Nasionale Skietvereniging.

# LESERS WELKOM

ONS lesers is welkom om gedigte, kort sketsies, foto's of enigiets van kunsbelang te stuur vir plasing in ons kunsblad. Ons sal probeer om elke week 'n bydrae van die lesers self te plaas.

Dit kan in die Wapadbussie 15 by die S.R. Kantoor gepos word, gemerk „Kunsredakteur", en indien moontlik getik.

die WAPAD

## DIALOOG

DIE Wapad wil vanjaar probeer om dialoog (of detenté) tussen teenoorgestelde pole op die kampus te bevorder.

Die Pukmassa is nie 'n enersdenkende robot nie. Onder ons is daar progressiewes, konserwatiewes, liberales, verligtes, verkramptes ens. Weens gebrek aan wedersydse dialoog het die toestand hier nou so erg geword, dat die een groep heeltemal van die ander afgesonder word.

Gewoonlik gebeur dit dan ook dat hierdie groepe spesifieke terreine afkamp, of dit nou naby die Totiussaal of naby die swaaideure is.

Hoekom kan hierdie groepe nie skakel nie? Hoekom moet die kampusleier nou juis vir die een groep 'n witgesig ja-en-amen-boetie wees? Maar hoekom moet dié wat die swaaideure verweer ook nou juis die uitgeworpenes, liberales en sondaars wees.

Ons as Pukke kan van 'n groepsgees vergeet as ons nie hierdie toestand regstel nie.

## KRITIEK

Ons het ook al so verstok geraak dat ons nie meer kritiek kan verduur nie — en kritiek word so maklik as persoonlike wrok afgekraak.

As jy 'n fout gemaak het (Totiussaal of swaaideure), vat kritiek soos 'n man en sorg dat jy nie weer dieselfde fout maak nie.

Om jou haelgeweer te laai of om jou hande op te lig om klappe uit te deel, is kinderagtig en pas nie by jou rype lewensjare nie.

Die Wapad is tot die beskikking van elke gewone Puk (links of regs) om sy saak te stel en kritiek te lewer.

## CINEPUK


Die Wapad wil Cinepuk met sy puik vertoning Saterdagaand gelukwens. As dié standaard as basis gehandhaaf kan word, sal ons eersdaags 'n volwaardige teater hê. Dan sal die ware kleur van ons koopkrag ook blootgelê word.

## „KLOOSTERBLAD"

Dit is werklik 'n prestasie dat 'n koshuis die inisiatief geneem het om sy aktuele blad uit te gee. Hierdie blad, deur Klooster uitgegee, dek studente-aangeleenthede soos die politiek, universiteit, studentevryheid en die godsdiens. Die blad se leuse: „Dink krities", onderstreep weer eens die behoefte aan dialoog. Geluk Klooster.

# Die Puk se stofwolke

**WAT is aangenamer om 'n skoon kamer binne te stap waar jy die daaglikse akademiese druk vir 'n wyle kan afskud of om in 'n skoon motor te klim met die wete dat dit ten minste nie soos 'n aankomende stofwolk lyk nie. Hierdie vooruitsigte word egter nie deur almal op die kampus gedeel nie.**



deur my lens

**STOFWOLKE**

Hoe lank word die dames van kasteel nie al met die steeds toenemende stofwolke bedreig nie? In die gebied van die sentrale eetsaal is toestande net so haglik. Nou vra ek myself die vraag af, is die Studenteraad, wat trouens daargestel is om ons belange te behartig, werklik so besig met papierwerk, dat daar nie ook na ons omgewingsbelange omgesien kan word nie?

Dit is voor die hand liggend dat noodsaaklike veranderinge aangebring word. Maar hoe lank, moet ons dié ongerief verdra? U is tog die spreekbuis van die studente, of moet ons langs ander kanale beweeg?

**GROET**

Dit wil ook voorkom asof ons as Pukke besig is om by mekaar verby te leef. Is dit werklik moeilik om in die verbyganq mekaar op tradisionele wyse te groet? Onthou net, daar kan nie sprake van 'n groepsgees wees as elke individu nie sy deeltjie bydra nie.

**SELFRESPEK**

Hier waar ek aan die Oostekant van die spoor sit en die son in die weste sien sak, wonder ek soms of jou selfrespek nie ook sy sonsondergang beleef nie. Kyk, as my vriend op so 'n wyse van my na sleeptyd afskeid neem dat ander slepers in my koshuis ongemaklik by ons verby moet beweeg, dan het dit nou tyd geword dat ons ook ander in ag moet neem.

**KAFETERIA**

So van konsiderasie gepraat, wanneer jy volgende keer van die kafeteria gebruik maak, doen dit so dat ander na jou ook 'n koppie tee daar kan geniet.

Net gister moes ek aanskou hoe 'n persoon suiker op die tafel mors en sy leë koppie as 'n asbak gebruik. Nee man, jy is mos 'n opgevoede mens!

Die wyse waarop ons die oriëntering aangepak het, was 'n verblydende teken. As ons die oriëntering op so 'n wyse aanpak, sal dit steeds van waarde bly.

Vergun my ook die geleentheid om 'n woordjie van dank teenoor die owerheid uit te spreek. In weerwil van toenemende druk van buite kon ons nog voortgaan om van oriëntering 'n sukses te maak.


## IN U LIG

GEN 33 : 9 en 11.

„Ek het baie" en „Ek het volop". Letterlik: „Ek het alles".

Die kontras in die twee uitsprake van Esau en Jacob is duidelik sigbaar. Esau het baie, maar Jakob oortref hom in die versekering: „Ek het alles". Nie alles op aarde nie, maar die versekering dat God met hom is, omdat hy ook erken dat God hom genade bewys het.

Het ons dan nie ook alles nie? Sekerlik, ook die Ewige Lewe, omdat God ons genade bewys het, deur onse Here Jesus Christus.



In weerwil van die toenemende stofwolke en gebreekte skokdempers, deel ons ook in die tegnologiese ontwikkeling. Dié gebou vir die natuurwetenskaplike studente sal eersdaags klaar wees.

# 'Veels geluk mnr. Kruger,

**GEAGTE REDAKTEUR, — Ek het mnr. Nick Kruger se „Reaksie: Afrikaner en die V.P." in die Wapad van 28 Februarie met groot belangstelling gelees. „Veels geluk mnr. Kruger". Dit is goed om so nou en dan van iemand te hoor wat afwyk van die ou afgesaagde bloudrukke.**

Vir hoe lank hoor ons nie nou al van Apartheid, Afsonderlike Ontwikkeling, Tuislande ens. asof dit vanselfsprekend die enigste oplossing is — die alfa en die omega. Daar kom natuurlik baie kritiek maar dit wentel alles om hierdie bloudrukke. Ai, ons kan op loop gaan, bespiegel en waar kom ons uit?

Oor die Kleurlinge word daar eers hierdie kant toe en dan daardie kant toe gepraat, maar beweeg ons nie eintlik tot waar ons twintig jaar gelede was nie. Die gevolg — die Kleurlinge word al hoe meer gefrustreerd.

Die stedelike Bantoe word ook genoem, daar word gepraat van stemreg in die Tuislande maar as ek bevoorbeeld in Johannesburg groot geword het, is dit mos sinneloos dat ek in die Transkei stemreg moet hê. Ons sal moet begin oplossings aan die hand doen en nie net bespiegel oor moontlikhede nie. Ons moet in ag neem dat mense 'n toekoms wil hê om na uit te sien, en nie pionne in 'n skaakspel wil wees nie.

Oor die Tuislande is daar ook al genoeg kritiek gelewer om verder daarop in te gaan.

Ons sal moet begin besef dat 'n Federale formule nie net 'n voorsienbare onwerklikheid is nie. Hoe ons gaan aanhou om 'n federasie mis te kyk weet ek nie, maar is dit nie tyd dat ons ernstig begin oorweging skenk aan hierdie oplossing nie en daardeur miskien probleme uitskakel wat tot soveel frustrasie ly? Sodoende kan ons begin bou aan 'n nuwe dinamiese Suid-Afrika.

Afrikaner.

## WAPADREDAKSIE


**Hoofredakteur:** Attie Gerber (Liberalia, 2129)
**Assistent-redakteur:** Jan Habig (Thaba-Jäh, 2024)
**Nuusredakteur:** Frans van Dyk.
**Nuusredaktrise:**
**Nuusmedewerkers:** C. M. Moolman, M. M. le Roux (mej.), M. J. Fourie, Constant Smit, Pieter Louw, Johan Pieterse, Marliza Kunitz, Mietsie Buys. (Nog aansoeke word ingewag).
**Hoofsubredakteur:** Dolf Els.
**Subredakteurs:** Nic Kruger, Dia van der Walt, Tony Sampson, Dalene Delport, Rita Diederichs, Monica Dollenberg, Erica Dollenberg, Salome Jacobs, Elsa Kruger.
**Aster-redaktrise:** Herzola de Beer (Vergeet-my-nie, 5211).
**Assistent:** Emily Robbertse (Oosterhof, 2039).
**Medewerkers:** Linda Jonker, Trix van der Lecq, Anneli Potgieter.
**Kunsredakteur:** Sam Basch (Liberalia, 2129).
**Kunsredaktrise:** Jelleke Wierenga (Karlien, 3214).
**Medewerkers:** Pennie Krog, Susan Kempff, Crystelle Smuts, Allen Olivier, André de Klerk, Liesel Meyer.
**Koshuisredaktrise:** Thelma Clegg (Karlien, 3214).
**Koshuisredakteur:** Neels Havenga.
**Medewerkers:** Susan Kruger, Maxie Jacobs, F. Roux (mej.).
**Sportredakteur:** Jan van Vuuren.
**Assistent:** Urban Badenhorst.
**Medewerkers:** (Aansoeke word ingewag).
**P.N.B.-redakteur:** Tiep van Schaik.
**A.B.K.K.-redakteur:** Vakant.
**K.V.V.-redakteur:** Ben Cloete.
**S.A.B.-redakteur:** Jan van Niekerk.
**S.S.B.-redakteur:** vakant.
**A.D.B.-redakteur:** vakant.
**A.O.B.-redakteur:** vakant.
**Skakelbeamptes:** M. J. Fourie, D. van Loggerenberg.
**Fotoredakteur:** Kobus du Plessis.
**Fotograwe:** (Aansoeke word ingewag).
**Sekretaresse:** vakant.


## SENTRUM VIR INTERNASIONALE POLITIEK

**BYEENKOMS**

**Wat:** MIDDE-OOSTE

**Wie:** Dr. Pieter de Klerk, dosent in Geskiedenis aan die Puk en 'n kenner van die Midde-Oosterse geskil.

**Waar:** Frans du Toit, Kamer 3

**Wanneer:** 12 MAART 1975

**wat is die oorsprong van hierdie geskil?**

**kom luister self.**

—WP.

# Kruger se VP-brief onder skoot

Deur Bertie du Plessis

**DIE skrywer van reaksie: Afrikaner en die V.P. (Die Wapad, 28 Feb. 1975) wil vier sake te kenne gee, nl.: 1) 'n Land se regering is so sterk soos sy opposisie. 2) Die sterk posisie van die N.P. is te wyte aan 'n laksheid onder die kiesers van Suid-Afrika. 3) Die V.P. het 'n beleid wat meer as net 'n oorweging verdien. 4) Dit sou beter met S.A. gegaan het as die V.P. aan bewind was.**

### SKEURING

Wat betref sy eerste punt: God behoede dat dit nie waar mag wees nie, anders weet ek nie waar ons vandag sou sit nie. Die Verenigde Party is myns insiens 'n uitgediende krag, welke standpunt onderskryf word deur die onlangse (en langverwagte) skeuring in die party. Dit is jammer dat skrywer nie vermeld tot watter faksie van die party hy behoort nie.

### LAKSHEID

Ten tweede: Om 26 jaar se volgehoue, kragtige en bekwame leierskap aan die kant van die Nasionale Party af te maak met die stelling dat dit te wyte is aan 'n laksheid onder die kiesers, is myns insiens naïef in die ergste graad. Kan u werklik glo dat 'n land se kiesers vir so 'n lang tydperk (wat nie sonder sy krisisse was nie) maar passief sal terugsit en dinge hul gang laat gaan? Vertel die belangstelling wat by die afgelope twee algemene verkiesings duidelik te bespeur was nie dalk 'n ander storie nie?

Nee wat mnr. Kruger, kom ons wees eerlik: Die V.P. bied geen werklike alternatief tot amptelike N.P. beleid nie. Soos wat dit tans in opposisiegeledere gaan, wil dit blyk asof die moontlikheid daarvan nou inderdaad finaal afgeskryf kan word.

### OORWEGING

Derdens sy stelling dat die V.P. 'n beleid het wat meer as net 'n oorweging verdien. Die V.P. is blykbaar nou onwrikbaar gerig op die pad van verligtheid. Luister wat sê The Star (1 Mrt. '75): „... at this moment the UP seems determined to be more verlig than the Reformists" en verder „Power will be shared — even if the White Parliament must disappear some day."

### FEDERASIE

Mnr. Kruger se standpunt dat die oplossing vir ons binnelandse probleme in 'n federasie geleë is, vind blykbaar hierby aansluiting. (Dit is interessant dat hy nie probeer het om in breë trekke die federasiebeleid te skets nie — ek twyfel of Sir Div self hierdie netelige sakie sal kan opklaar).

Die probleem is egter net dit: Kan mnr. Kruger vir ons sê op welke wyse die politieke opvattinge en ideale van meer as 20 miljoen Swartes en Gekleurdes binne 'n federasie (met enigsins GELYKE verteenwoordiging!) versoen kan word met dié van omtrent 4 miljoen Blankes?

### LAGWEKKEND

Om die kroon te span wil mnr. Kruger in die vierde plek te kenne gee dat dit beter met Suid-Afrika sou gegaan het as die V.P. aan bewind was. As die optrede van die V.P. en sy krag as amptelike opposisie (veral sedert 1970) hier enigsins as maatstaf moet dien, is die stelling eintlik lagwekkend.

**Maar kom ons wees ernstig. Ek wonder of mnr. Kruger werklik besef hoe goed dit met Suid-Afrika gaan. Op alle terreine van ons samelewing heers daar voorspoed en vooruitgang: Ekonomies, wetenskaplik en militêr-strategies staan ons sterk en is daar steeds net vooruitgang te bespeur. Binnelands heers daar rus en vrede en op die pad van vreedsame naasbestaan binne 'n Suid-Afrikaanse opset van onafhanklike state word daar met rasse skrede gevorder.**

### DEURBRAKE

**Mnr. Vorster se goeie en groot deurbrake na buite hang ook beslis nie af van die gewig van 'n apartheidsmeulsteen soos mnr. Kruger te kenne wil gee nie. Dit is eerder die resultaat van 'n daadwerklike diplomatieke offensief in Afrika en ons kan ons maar klaarmaak vir groter verrassings in die nabye toekoms.**

## I.W.-lesings

U word hiermee hartlik uitgenooi om die Interfakultêre lesings op 13 Maart 1975 by te woon.

PROGRAM:

Sentrale tema: Vraagstukke rondom die lewe.

08h30 — 09h30: Mnr. L. M. du plessis (Lektor in die departement Regsfilosofie aan P.U. vir C.H.O.) „Vraagstukke rondom die lewe — Juridies."

09h30 — 10h30: Prof. W. A. van Niekerk (Hoof van die departement Verloskunde en Ginekologie aan die Universiteit van Stellenbosch) „Vraagstukke rondom die lewe — Biologies".

10h30 — 11h00: Pouse.

11h00 — 12h00: Prof. P. W. Buys (Hoof van die departement Apologetiek, Etiek aan die P.U. vir C.H.O.) „Vraagstukke rondom die lewe — Eties — teologies.


## Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningskema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig-van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonomie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikate. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoë rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde – te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.

**Standard Bank**

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

**Op die Standard kan u staatmaak**

LINTAS SB/11737/202/A




Die Studenteraad het net voor die aanvang van die universiteit 'n kamp saam met die huiskomiteelede gehou. Hier lê 'n paar na die dag se inspanning.

# U.P.: Die vonke spat

**DIE volgende vlugskrif is onder studente van die Universiteit van Pretoria versprei nadat Tukkies se Studenteraad na bewering 'n besluit geneem het wat sou neerkom op die goedkeuring van 'n jaarlikse intervarsity teen gemengde spanne van die Universiteit van die Witwatersrand.**

„Die V.S.R. is bereid om 'n jaarlikse intervarsity teen gemengde spanne van Wits te hou. Dit is die implikasie van die onlangse besluit deur die V.S.R.:

‚Dat die Studenteraad van die U.P. in beginsel geen beswaar daarteen het om intervarsity teen Wits te hervat waarby enige ingeskrewe student van enige van die twee universiteite betrokke is nie.'

Hierdie ingrypende herroeping van 'n besluit wat op 12 September 1974 geneem is, is nou gedoen sonder hoegenaamd enige konsultasie met ons as Tukkies, of met ons verteenwoordigende verenigings nie, en boonop terwyl senior studente nog nie ingeskryf het nie.

Hierdie optrede moet verwerp word as 'n totale troubreuk teenoor die studentegemeenskap en is in die geheel ondeplomaties.

Dit beteken in kort dat Tukkies nou gedwing word tot aanvaarding van veelrassige sport, veelrassige dinees, veelrassige vergaderings en veelrassige bokjolle.

Dit is die slapste besluit wat nog ooit deur Tukkies se Studenteraad geneem is! Vir jare probeer die linkse elemente op Wits om gemengde sport op ons af te dwing, vir jare bied Tukkies effektiewe weerstand teen hierdie pogings en nou kruip ons onder vernedering terug na Wits se standpunt.

ONS EIS:

1. Onmiddellike herroeping van hierdie besluit;
2. 'n Massavergadering waar verantwoordiging oor hierdie skielike ommekeer gedoen moet word.

Dié vlugskrif het Tukkies se intervarsity - probleem weer eens blootgelê. Daar bly nog twee intervarsity's teen Maties oor en Kovsies het reeds hul Intervarsity met Tukkies opgehef.


## Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.



„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".

ANDRÉ JOUBERT

## Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.

1. **Studielenings:** Tot R3 000: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **MBA-studielenings:** Tot R3 000: vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R300: tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 000: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TELEFOON 4241

—WP.


# Swak kontak wek kommer

**K.V.V. en S.A.B. bied op Donderdagaand 13 Maart 'n leierskursus aan. Hierdie leierskursus is daarop gerig om die verenigings op die Puk beter te laat funksioneer. Alle bestuurslede word na die kursus uitgenooi.**

Die tema is kommunikasie, omdat daar steeds meer en

★ Vervolg op bladsy 6



Kobie Kotze as Hamm en Kobus Strydom as Clov in die dept. Spraakleer en Drama se aanbieding van Slotspel deur Samuel Beckett. Peet van Rensburg is die regisseur.

# *Lag of ontsteld?*

Deur Sam Basch

**SAMUEL BECKETT se Slotspel is tans in die Drama-departement se Kamertoneel op die planke. Met hierdie drama open regisseur Peet van Rensburg die tiende bestaansjaar van die departement.**

Dit is 'n komedie buite die normale sin van die woord. In 'n toets om vas te stel wat die gehoorreaksie op die aanbieding sal wees, is gevind dat dit wel vir party mense snaaks of lagwekkend is, terwyl ander taamlik ontsteld was.

Hamm (Kobie Kotze) is die invloedryke man wat tydens en ná die oorlog die mag besit het om aan mense voedsel en hulp te voorsien en hierdie mag vir sy eie voordeel gebruik. 'n Man wat hom moes smeek vir voedsel, het hy as tuinier in diens geneem en die man se kind vir homself opgevoed. Hamm het geweet hy sou blind word en Clov (Kobus Strydom) moes hom dan oppas.

Clov (die kind) word 'n lopende gewete vir Hamn terwyl sy eie moeder en vader ook nog lewe — mense wat hy liewer sal wil vergeet.

Diegene wat van Beckett hou, sal hierdie aanbieding beslis geniet. Dis absurd-realisties en in 'n sekere sin 'n eksperimenteel — wat hier wonderlik slaag.

## ERRATA KUNSBLAD

DIT spyt ons dat 'n fout op ons blad ingesluip het. Mnr. Kobie Nortje se naam moet nie lees Kobie Kotze nie.

Kunsred.

## KOMMER...


* Vervolg van bladsy 5

meer probleme ondervind word in die regte oordrag van gedagtes.

Daar is gevoel dat 'n poging tot kommunikasieherstel van stapel gestuur behoort te word. Dit is belangrik dat die leiers op die Puk moet besef dat opdragte alleen uitgevoer kan word, as die betrokke persoon presies weet wat van hulle verwag word.

Twee sprekers sal by die geleentheid optree, wat onderskeidelik oor die sosiaal-sielkundige aspekte van kommunikasie sal praat. Daar sal aandag gegee word aan die metodes om verskillende gehore te bereik. Twee films en 'n skyfieprojektor word as hulpmiddels by die kursus gebruik.

## COETZEE STAL UIT



Een van die werke van die befaamde Chris Coetzee, wat onlangs in die Frans du Toit-gebou te sien was.

Foto: Fotokuns.

# *Amsterdamse kamerorkes*

Deur Cecile van der Westhuizen

**DIE Meesterkonsert van Vrydagaand, 28 Februarie, was 'n reuse sukses. Die Amsterdamse Kamerorkes onder leiding van die briljante Marinus Voorberg wat beurtelings plek voor die klavesimbel en voor die orkes as dirigent ingeneem het, het die eerste program uit die twee moontlikhede vir dié uitvoering gekies.**

Eerstens het hulle die Concerto Grosso in D mineur Opus 3 No. 2 van Pieter Hellendaal uitgevoer; daarna die pragtige Divertimento in F majeur, K. V. 138 (wat Mozart op sestienjarige ouderdom gekomponeer het). Om die eerste helfte van die program af te sluit, is „Suite" van Janácek voorgedra. Laasgenoemde werk bestaan uit ses dele waarin hoofsaaklik romantiese elemente sterk na vore tree, hoewel gematige tempo deurgaans gehandhaaf word.

Ná die pouse is die uitvoering van die aand met Mendelssohn se strelende Strykerssimfonie no. 9 in C majeur afgesluit — 'n werk in vier bewegings met opmerklike Beethoven invloede daarin.

Die gehoor het werklikwaar waarde vir hul geld gekry want afgesien van die satisfaksie van die uitvoering was daar ook 'n toegif.

Aandag.

Die volgende Meesterkonsert vind nie meer Vrydag, 14 Maart plaas nie, maar wel op Saterdag, 15 Maart om 20h30. (Die tydsreëling is die gevolg van die voorbereidingsdienste in ons plaaslike gemeentes vroeër die aand). Die kunstenaar is ons eie, plaaslike, maar ook vooraanstaande Suid-Afrikaanse bariton, Werner Nel. Prof. Pieter de Villiers, ook plaaslik sal hom begelei.




# *Toledo... uit Olè*

André P. Brink

SKERP soos 'n ets op koperplaat lê Toledo ingebrand teen die witblou lug, hoog op sy rotsagtige heuwel bo die skerp boog van die Taag, met kerke en paleise en torings en 'n heelike deurmekaartuimeling van huise. Na 'n koerslose dooltog deur die wirwarstraatjies, sommer agter jakkerende kinders en 'n swikkende oubaas met 'n stootwaentjie vol wynbottels aan, het ek eindelik by die katedraal uitgekom — danksy die hulp van 'n verkeerskonstabel wat sy pos sonder 'n oomblik aarseling verlaat het en 'n hele tien minute lank met my saamgestap het. En toe ek hom bedank, was sy waardige, bedaarde antwoord net die gebruiklike maar veelseggende Spaanse woorde: „De nada — Dis niks."

Die katedraal is groot en lig en groots, met die liriese, elegiese kleure van El Greco in die sakristy, die fynste houtsneewerk in die koor.

Die klein kerkie van San Tomé, waar El Greco se groot werk, **Die begrafnis van graaf Orgaz**, hang . . .

Die huis is vervalle, maar vol lig, net soos die werk van die groot skilder. Die binneplasie is koel en wit, met 'n verweerde donkerbruin balkon rondom die boonste verdieping; swaar vloerplanke wat kraak en effens wieg as jy daaroor stap. Die vertrekke is klein, met glimmende donker meubels, en die vae droefheid van 'n plek sonder baas. 'n Poëtiese huis, 'n kunstenaar se huis, 'n gewone mens se huis.

Dit vorm die keerpunt van die dag; en wat daarná gebeur, is mooi. 'n Lang stil sit bokant die Taag en die ou Romeinse brug. Dáár iewers moes die mooi dogter van die hertog gebaai ht toe Rodrigo haar gesien het. Hier bo het die Moorse vorste in hulle weelderige paleise gewoon en saans met die lui van die muezzin na die Ooste gebid. Hier bo staan nou nog die Alcázar . . .

Effens teësinnig keer ek terug . . .

„Now you can see he paid no attention to anatomy," sê die gids. „The body is much too long for the legs. This way, please."

## Fleur Ferri

SKILDERYE van die skilderes Fleur Ferri word vanaf 6 Maart tot 14 Maart in die Tentoonstellingslokaal van die Frans du Toit-gebou uitgestal.

Die uitstalling word deur die Wes-Transvaalse tak van die S.A. Kunsvereniging gereël. Die opening van die uitstalling is op 6 Maart 1975 om 19h30 deur die bekende filmmaker Jamie Uys waargeneem.

Belangstelendes kan die lokaal op weeksdae gedurende kantoorure, saans vanaf 19h00 tot 21h00 en Saterdae vanaf 09h00 tot 12h00 besoek.

## CINEPUK

Vry. 7 Maart Love Story
Sat. 8 Maart Love Story
Woens. 12 Maart Motorbeeld
Vry. 14 Maart The Chace
Woens. 19 Maart „Cartoon"-aand
Vry. 21 Maart Play Misty for me
Sat. 22 Maart Joe Kidd
Maan. 24 Maart Cromwell
Dins. 25 Maart People Next Door

Enige verandering sal op hierdie blad aangekondig word.

# *LOVE STORY*

BAIE van ons het seker al Love Story gesien. Die naam dui in ieder geval op waarom dit gaan.

Die verhaal deur Erich Segal is baie eenvoudig; 'n rykmans seun Oliver Barrett IV (Ryan O' Neal) studeer aan Harvard en raak verlief op 'n meisie wat in die Radcliffe College biblioteek werk. Jenny Cavilleri (Ali MacGraw) en Oliver se geaardhede verskil totaal. Sy luister Mozart en Bach en kom uit 'n arm huis, maar dit keer die jong Barrett nie en in weerwil van sy vader se dreigement om finansiële steun aan hom te onttrek, vra hy Jenny om te trou. Dit verwyder hom verder van sy vader met wie hy nog nooit goed oor die weg gekom het nie.

Hulle voltrek die onkonvensionele huwelik self en gaan woon in 'n arm buurt. Jenny werk sodat Oliver met sy studie kan voortgaan. Hulle is baie gelukkig, maar hulle geluk hang aan 'n draadjie.

Ray Milland (wat onlangs in Suid-Afrika was vir die verfilming van Gold) lewer goeie spel as die vader. Die prent sal goed afgaan vir diegene wat lief is vir 'n eenvoudige hartseer verhaal. Die rolprent word deur Ster versprei.

## KUNSTOER

AL die kunsstudente en -dosente wat gedurende die afgelope vakansie die Kunstoer na Europa meegemaak het, word in kennis gestel dat 'n reunie op 22 Maart 1975 plaasvind. Die mense moet a.s.b. met mej. Adrienne Viljoen of mnr. Barend Grobbelaar by die Dept. Beeldende Kunste vir verdere inligting skakel.

Een van die Puk se mooi ou geboue wat nou gesloop word vir die nuwe Studentesentrum. Dis jammer dat ons ou argitektuur op dié manier vernietig word.

Foto: Fotokuns.



# SPORT

# SKOTE PETOORS: EERSTES WEN BEKER - LEEUS SAK UIT

DIE eerste krieketspan van die Puk is besig om te vergoed vir die blaps wat hulle in die 1973/74 seisoen begaan het. Nadat hulle twee jaar lank die houers van die Scorgie-beker was, het hulle die driekuns bederf deur die beker af te staan.

Na die eerste Saterdag se spel in hulle wedstryd teen Stilfontein is hulle egter in 'n gunstige posisie om 'n regstreekse oorwinning te behaal. Die Theos het eerste gaan kolf en op 'n redelike speelbare blad die mooi totaal van 252/4 verklaar, daargestel. Die kolwers het werklik ingeklim en Frans de Beer, 55 (ses viere), George Moorecroft 58 n.u.n. vyf viere en een ses), Hugo Lindenbergh 55 (nege viere) en Sias Willemse met 32, het die boulers van Stilfontein werklik verniel. Dit het Hugo Lindenbergh net 23 minute geneem om sy 50-tal te bereik.

**KOLFBLAD**

Stilfontein het daarna gaan kolf op 'n kolfblad wat nog glad nie onspeelbaar was weens die reën wat intussen uitgesak het nie. Nogtans het hulle gesukkel en 18 lopies later was die hele span terug in die paviljoen.

Die twee boulers wat vir die verwoesting verantwoordelik was, was George Moorecroft en Sias Willemse. George het 4/4 geneem en Sias 5/8. Hier moet egter bygevoeg word dat daar slegs drie gereelde eerstespan spelers in die span van Stilfontein was. Die ander spelers het verkies om eerder rugby te gaan speel.

**OPVOLG**

Stilfontein moes toe opvolg. In hul tweede beurt het dit nie veel beter as in die eerste beurt gegaan nie. Teen uitskeityd was die telling 25/6. Clive Ulyate en Hugo Lindenbergh het die boulwerk geopen aangesien die lig sodanig was dat die snelboulers nie kon boul nie. Ulyate met 3/10 het die meeste verwoesting aangerig.

**PUNTELEER**

Met 'n agterstand van 209 lopies en nog net vier tweede beurt paaltjies staande is dit te betwyfel of Stilfontein 'n nederlaag sal kan afweer. Saam met die 13 punte wat die Puk alreeds ingesamel het, sal hulle dan 23 punte uit die wedstryd kry. Hulle sal dan in 'n feitlik onoorwonne posisie op die punteleer wees.

**LEEUS**

In teensteing met die vertoning van die Theos is die van die Leeus. Hierdie span wat in so 'n gunstige posisie was om die beker te wen, het die naweek feitlik seker gemaak dat dit nie hierdie jaar sal gebeur nie.

Hulle het op Strathvaal teen die plaaslike span te staan gekom. Die tuisspan het eerste gekolf en danksy 'n honderdtal deur Michael Stocken kon hul hul beurt op 221/3 gesluit verklaar. Marius Becker het 2 paaltjies geneem vir die verlies van 40 lopies.

**BEDROË**

Die Puk se tweedes het hierna gaan kolf en soos in die vorige week se wedstryd maar bedroë daarvan afgekom. Toe die balkies gelig is het die manne 47/5 op die telbord gehad. Die moontlikheid van 'n nederlaag is dus nie uitgesluit nie. In hul laaste twee wedstryde kon die span slegs drie punte insamel. Wat die rede vir die insinking in hul spel is, is uiters moeilik om vas te stel.

## Personeel swaai wilgerlat

Deur Dolf Els

**DIE lang lyf voor die penne lyk bekend. Einste hy, dr. Ben van den Berg van Duits. Aan die ander kant is dit dr. Daan Wissing van A.T.L.W. Die manne wat wag om te kolf lyk net so bekend.**

Ja-nee, die PUK-personeel speel krieket!

Voorheen is daar 'n poging aangewend om 'n personeel krieketspan saam te stel om in die koshuisliga mee te ding. Dit het egter misluk.

**OPVLAM**

Hierdie seisoen het Dr. Van der Berg en mnr. Eckley egter die belangstelling weer laat opvlam. So groot is die belangstelling dat amper twee spanne gevorm kan word.

„Daar die personeel op die PUK steeds besig is om uit te brei, is so 'n krieketspan ideaal om kontak tussen die personeel van die verskillende departemente te bevorder," het Dr. Van der Berg gesê.

**EERSTELIGA**

Baie van die manne het al eersteliga krieket in Wes-Transvaal gespeel. Een van die staatmakers mnr. Jos Coetzee, het al vir die Suid-Afrikaanse Universiteite se B-span gespeel.

**LIGA**

Daar word beoog om die span gedurende die '75/'76 seisoen vir die Wes-Transvaalse liga in te skryf. Die span sal hom dan onttrek aan die koshuisliga.

**DRIE GEWEN**

Drie wedstryde is reeds afgehandel, waarvan aldrie gewen is. In 'n vriendskaplike wedstryd teen Kompleks is 'n maklike oorwinning behaal. Die ander twee slagoffers was Klooster en Dorp.

Wedstryde word Saterdagmiddae gespeel en oefeninge vind Dinsdae en Woensdae om 4.30 nm. plaas. Almal wat belangstel, is welkom om by die oefeninge op die Fanie du Toit-sportterrein aan te sluit.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Oliënlaan 11, Potchefstroom.*



Die P.U.-onderwaterlede is vanjaar weer baie bedrywig. Hier is een so pas te water gelaat om die dieptes te verken.

## PIET BRAND

PIET BRANDT is nie net 'n goeie sportman nie. Op die gebied van sport administrasie is die reus reeds besig om hom te onderskei terwyl hy self nog aktief aan sport deelneem.

Piet werk in die administrasie van die universiteit en sy werk is om te sorg dat alle sport van die Puk vlot verloop. Dit is sy werk om alle sport te organiseer.

**SEKRETARIS**

Hy het egter nie net met die Puk se sport te doen nie want so pas is hy aangestel as die sekretaris van die Wes-Transvaalse Krieket Vereniging. U sou dalk sê „maar daar was baie voor hom wat is so uniek daaromtrent"? Piet is die eerste Afrikaanssprekende wat die pos beklee.

## Hokkie-bokkies reg

Deur Jan van Vuuren

**OFSKOON dit nog amptelik somer is, begin die meeste wintersportmanne al voorberei vir die seisoen wat voorlê. Hokkie is dan ook geen uitsondering nie en die vroue sal een van die dae hul staal moet toon.**

Op 22 Maart vind die proewe op die Fanie du Toit-sportterrein plaas. Van 8.30 af die oggend sal veertien spanne aan die proewe deelneem. Die wedstryde sal almal op die C veld afgehandel word en sal elk 30 minute duur.

**KOSHUISE**

Al die koshuisspanne soos hulle verlede jaar in die liga deelgeneem het sal nog in kennis gestel word dat hulle spanne vir die proewe moet inskryf.

Saam met die vier spanne wat die Pukkeurders sal aanwys, het al die hokkiespeelsters dus die kans om hul in een van die finale spanne in te speel. Die twee spanne sal na afloop van die proewe gekies word en sal dan direk daarna in 'n hoofproefwedstryd speel.

## Somerslaap nou verby

Jan van Vuuren

**AMPTELIK het die rugbyseisoen nog nie begin nie maar die manne is alreeds besig om uit hul somerslaap te ontwaak en pogings aan te wend om fiks te word.**

Maandae- en Woensdae-middae word daar hard en lank geswoeg op die Fanie du Toit sportterrein deur die manne wat hierdie jaar die Theos se naam moet hoog hou. Mnr. Johan Claasen gaan die Puk hierdie jaar afrig en dit kan dan aansienlik beter gaan as wat verlede jaar die geval was toe hy nie altyd sy aandag aan die span kon bestee nie. Die nederlaag wat ons verlede jaar teen die Kovsies gely het moet ten alle koste gewreek word. Die Ted Sceales beker wat in 1973 deur die Puk gewen is moet nog 'n slag hier op Potchefstroom kom staan en nie later as 1975 nie.

**ONDERSTEUNING**

Dit is hoë mikpunte waarna gestrewe word en om dit te vermag moet elke Puk sy ondersteuning gee. Die rugbyspelers moet nie uitstel en sê ek sal volgende week begin oefen nie. Nee, hy moet elke dag oefen totdat hy voel hy kan nie meer nie en hy is nou fiks. Die toeskouers het net so belangrike taak. Kom ondersteun die span sodat hulle weet daar is darem iemand wat iets voel.

Op die oomblik lyk dit nie of daar enige nuwe spelers hulle by die Universiteit aangesluit het nie. Wat wel waar is, is dat ons van ons sleutelspelers verloor het. Hierdie jaar sal almal werklik 'n grootse poging moet aanwend om te sorg dat ons nie in die grond vertrap word nie.

In mnr. Johan Claasen beskik ons oor die beste afrigter in die land. Met die talent wat hier beskikbaar is kan hy van die Puk 'n span maak om mee rekening te hou. Op die oomblik bestaan daar nog twyfel of Barries Barnard weer beskikbaar sal wees. Die afwesigheid van hierdie opwindende vleuel sal werklik deur die Puk gevoel word.

**SENTERS**

Die senterpaar van verlede jaar, Piet Roodt en Eugene van Wyk het altwee die klub verlaat. Die puik spel wat die twee as 'n kombinasie gelewer het sal nog lank deur die rugby liefhebbers op die Puk onthou word.

**SCHALCK**

Schalck van der Merwe sal ook nie weer beskikbaar wees om in die no. 10 trui wedstryde vir sy span te wen nie. Met sy skopskoen het hy die Puk male sonder tal van nederlae gered. As u kyk wie is nie beskikbaar nie sal u sien dat in die agterlyn alleen is vier spelers weg. Dit beteken dat feitlik 'n hele nuwe agterlyn van vooraf gevind moet word.

**VOORSPELERS**

Die posisie onder die voorspelers is ietwat beter in die sin dat net Freek Snyman nie weer beskikbaar is nie en dat daar dus net 'n nuwe voorry gevind moet word.

Die posisie onder die voorspelers is dus aansienlik beter. Die kern van die agttal word behou en ek dink dit kan moontlik vanjaar die Puk se sterkste wapen wees.

**FIASKO**

Die Kovsies lag nou nog oor verlede jaar se fiasko en daar sal werklik iets aan gedoen moet word. As elke Puk sy bydrae lewer hierdie jaar kan 23 Augustus die dag wees waarop die Kovsies baie dikbek terugkeer Bloemfontein toe. As almal op die Puk saamwerk glo ek nie dit is so vergesog nie.

Op 15 Maart speel die Puk hulle eerste vriendskaplike wedstryd. Dit sal teen of Ermelo of teen Vryheid wees en die wedstryd word hier gespeel. Die naweek daarna kom Oostelikes van Pretoria af hier by ons kuier. Altwee die vriendskaplike wedstryde is dus tuiswedstryde. Die toeskouers kan sommer al vroeg begin aan hul deel van die taak om die Puk se rugby sterk te maak. Die liga in Wes-Transvaal begin op 5 April.

**TOER**

In Julie-maand gaan die Puk in Suid-Oos Transvaal toer.

BLAAS OP HIERDIE SPASIE

INDIEN DIT BRUIN WORD GAAN BORSEL JOU TANDE

KOOP NOU ONS ELEKTRIESE TANDE-GRINDER

—WP

WESVALIA BOEKHANDEL

ONS HET NET WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF

Posbus 20060

Tomstraat 84 Tel. 6660

POTCHEFSTROOM

—WP

KOOP-n-LOOP

PADKAFEE

EETS